



Verwysing: 20170406-9858
12/2/11/1/3
Navrae: R Leukes

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0011/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:
Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges,
VKO-bestuurders, Vakadviseurs, VKO-vakadviseurs, Prinsipale en
Departementshoofde van die Grondslagfase in openbare skole met graad R, graad
R-onderwysers/-praktisyns in openbare skole en Prinsipale en graad R-praktisyns by
geregistreerde onafhanklike graad R-sentrums

**Onderwerp: Die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumraamwerk vir kinders vanaf
Geboorte tot Vier: Opleiding vir voorgraad R-praktisyns en VKO-
sentrumprinsipale**

1. In 2013 het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR) vir kinders vanaf Geboorte tot Vier ontwikkel. Die doelwit van hierdie nasionale kurrikulum is om die gehalte van basiese onderwys te verbeter deur 'n stewige grondslag in die baie vroeë jare te lê. Dit bied leiding vir die ontwikkeling van leerprogramme en hoe om met suigeling en jong kinders vanaf geboorte tot vier jaar te werk. Dit is op 'n verskeidenheid omgewings, doeleindes en 'n verskeidenheid belanghebbers van toepassing. Toegang tot die NKR kan via die DBO se webwerf verkry word: <https://tinyurl.com/m99omqf>
2. Provinsiale Departemente van Onderwys is opdrag gegee om teen 2019, volgens teikens wat deur die DBO gestel is, alle voorgraad R-praktisyns in die NKR op te lei.
3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het provinsiewye NKR-opleiding vir alle voorgraad R-praktisyns vanaf Julie 2017 beplan. Verskillende groepe voorgraad R-praktisyns sal 'n geleentheid gebied word om die NKR-opleiding op verskillende tye oor die volgende twee jaar by te woon.
4. Wes-Kaapse Tegniese en Beroepsonderwys- en Opleidings- (TBOO) kolleges sal die NKR-opleiding in samewerking met die WKOD aanbied.
5. Die eerste twee werksessies sal soos volg plaasvind:

Groep 1	'n Vyf dag lange werksessie vanaf 03 tot 07 Julie 2017 08:00 tot 16:00	Die Julie 2017-opleiding is die eerste fase van NKR-opleiding. Dit is net vir gekwalifiseerde VKO Vlak 4-praktisyns en prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) geregistreer is.
Groep 2	'n Vyf dag lange werksessie vanaf 10 tot 14 Julie 2017 08:00 tot 16:00	

6. Registrasie vir die NKR-opleiding in Julie 2017

- 6.1 Die laaste registrasiedatum is **31 Mei 2017**.
- 6.2 Prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en die DMO geregistreer is, word genooi om hulself en hul gekwalifiseerde voorgraad R-praktisyns (wat kinders vanaf geboorte tot vier jaar onderrig) vir die NKR-opleiding by hul naaste TBOO-kollege te registreer. 'n Afskrif van elke praktisyn se VKO Vlak 4-sertifikaat moet die registrasievorm meegaan.
- 6.3 Alle registrasies sal plaasvind by die TBOO-kolleges wat in Bylae B gelys is. Geen registrasies sal by WKOD-distrikskantore gedoen word nie.
- 6.4 Plekke is beperk. Registrasie sal gedoen word volgens wie ook al eerste daar aankom en die WKOD en/of TBOO-kolleges behou die reg om die volgende te bepaal:
- die verteenwoordiging per VKO-sentrum; en
 - in watter groep die deelnemers sal val.
- 6.5 Elke suksesvolle registrasie sal binne 14 werksdae ná ontvangs 'n bevestiging via SMS of e-pos ontvang. Indien 'n prinsipaal nie bevestiging van registrasie ontvang nie, moet hy of sy die toepaslike TBOO-kantoor teen nie later nie as 15 Junie 2017 kontak om die stand van hul registrasie uit te klaar.
- 6.6 **Slegs geregistreerde deelnemers sal** by die opleiding **geakkommodeer word** omdat alle logistieke reëlings dienooreenkomstig beplan sal word.
- 6.7 Verversings en 'n ligte middagete sal by die werksessie verskaf word. Daar sal, so ver moontlik, aan die versoeke van deelnemers met spesiale dieetvereistes voldoen word.
- 6.8 Geen vervoersubsidies sal betaal word nie. Daar word dus aan die hand gedoen dat deelnemers by hul naaste opleidingsentrum vir bywoning registreer.
- 6.9 **Die aangehegte registrasievorm (Bylae A)** moet voltooi en teen nie later nie as 31 Mei 2017 aan die toepaslike TBOO-kollege terugbesorg word.

7. Alle navrae aangaande registrasie vir Julie 2017 moet aan die toepaslike TBOO-kollege, gelys in **Bylae B**, gerig word.
8. Alle ander navrae aangaande die NKR-opleiding moet aan die toepaslike VKO-amptenare, gelys in **Bylae C**, gerig word.
9. Ná hierdie vyf dag lange werksessie, word daar van alle deelnemers verwag om weer na hul daaglike programme, asook hul leerprogramme, te kyk om seker te maak dat dit in lyn met die NKR gebring is.
10. Die WKOD sien uit na die bekendstelling van die NKR-opleiding in die Wes-Kaap en is saam met die TBOO-kolleges daaraan toegewy om NKR-opleiding van gehalte aan alle geregistreerde deelnemers te bied.
11. Prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en/of die DMO geregistreer is, word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle voorgraad R-praktisyne, veral diegene wat as VKO Vlak 4-praktisyne gekwalifiseer is, te bring en seker te maak dat hulle die geleentheid gebied word om die eenmalige opleiding in Julie 2017 by te woon.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-05-11